PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

10 September 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom by vanoggend se Erediens!

Indien jy vanoggend 'n besoeker, 'n nuwe intrekker of - lidmaat is hier by Hoogland, vertrou ons dat vanoggend se diens ook vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees. Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet ds Sunell of Leandra na afloop van die diens voor by die preekstoel.

Baie Welkom: Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale
17:00 Buffelsfonteindiens: Paul Stoltz

Deurkollekte : Vrouebediening (Sin)

Program vir die Week

Maandag: 11 September
10:00 Gebedsaksie in Kapel

Dinsdag: 12 September
14:00 Vroue Bybelstudie
18:30 *Unlocking the Bible* - kursus

Woensdag: 13 September
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Testamente-gesprek vir ALMAL

Donderdag: 14 September
10:30 Woord Werkgroep

Vrydag: 15 September
05:15 Mannebediening

Algemeen

Bydraes

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Enige gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp*-boodskap gestuur word na:

079 815 9325

Baie dankie vir elkeen wat help sop kook het. Hoogland se sop vrieskas loop oor!

Daar is elke Sondag lekker koffie & "*hot chocolate*", vir almal, na die erediens in die Voorhuis.
Onthou asseblief: Hoogland maak ook staat op u donasies.

HELP ASSEBLIEF Eluthandweni

Eluthandweni benodig asseblief dringend 'n werkende STOOF met 4 plate en 'n oond wat kan bak. Hulle wil graag die dienswerkers oplei om etes voor te berei vir die pasiënte. Gesels gerus met Leandra as jy kan help.

UITNODIGING NA
Ouma & Oupa – Sondag
@ HOOGLAND

Sondag, 17 September om 09:00

Met 'n lekker familiepiekniek direk na die Oggenddiens op die gras voor die Saal. Vure sal voorsien word!

Kinders bring vir Oupa & Ouma EN Oupa & Ouma bring jou kleinkinders

ALMAL IS WELKOM

Testamente week 11 – 15 September

Dis nie altyd lekker om oor jou eie dood, en wat daarna gebeur, te dink nie. Tog is dit een van die liefdesdade wat ons kan doen vir ons geliefdes wat agterbly. 'n Opgedateerde testament, asook 'n lewenslêer met alle nodige inligting, help 'n gesin / familie in 'n baie hartseer tyd.

Woensdag, 13 September om 10:00 (in die SAAL) kom Wynand du Preez met ons as geloofsfamilie gesels oor ons testamente. Hy is 'n ervare kenner as dit by testamente en boedels kom.

Kontak gerus die kerkkantoor vir 'n kopie van 'n Lewenslêer, soos deur Bybelmedia beskikbaar gemaak, om al jou belangrike inligting en dokumente bymekaar te hou, óf kom kry 'n kopie daarvan Woensdagoggend.

Uit die hart....

Luister na die mooi storie van 'n wyse pappa wat dié verskil geken het tussen om 'n ornament en 'n instrument te wees. Kyk hoe moedig hy sy seun aan om nie net te praat oor wat hy glo nie maar dit wel te doen en te leef:

'n Joodse Rabbi en sy seun was in 'n hewige diskussie gewikkel oor die stand van die wêreld.

In 'n stadium roep die seun driftig uit: "Pa, as ek God was, sou ek geweet het wat om met die wêreld te doen. Met Hom in beheer, is alles 'n groot gemors. Al waarvan 'n mens hoor en sien en lees, is armoede en werkloosheid en omgewingsbesoedeling, om nie eens van die geweld en oorloë oor die hele wêreld heen te praat nie. As ek God was, sou ek …."

Maar voordat hy sy sin klaarmaak, spring sy pa op, stap haastig na sy seun se kamer en bring dié se jas saam terug. Toe maak hy die voordeur wyd oop, gee die jas vir sy kind aan en beduie straat se kant toe.

"Wag nou, Pa," roep hy verskrik. "Waaroor is Pa nou so kwaad dat Pa my uit die huis uit wil gooi?"

"Nee, ek is glad nie kwaad nie! Inteendeel. Ek is net haastig dat jy dadelik moet begin. As jy sommer hier in ons straat op stap, sal jy dadelik genoeg plekke sien waar jy kan wys wat jy sou gedoen het as jy God was."

"God werk mos met jóú stem en hande."

Ds Sunell